Pastoraat aan die mens as wese in gesprek

Prof Gert Breed

## 1. Die mens in gesprek met God

God se gesprek met die mens is die begin en die einde van pastoraat. Indien God nie met die mens in gesprek tree nie, kan daar geen sprake van pastoraat wees nie. Die Heilige Gees moet immers die mens nuut maak deur die Woord van God voordat daar pastoraat kan wees. Pastoraat moet die mens uiteindelik bring tot gesprek met God. Die begeleiding tot gesprek met God is juis dit wat pastoraat onderskei van ander vorme van berading. Om hierdie rede is dit belangrik dat die pastor God se gesprek met die mens en die mens se gesprek met God goed begryp. In hierdie afdeling van die artikel word hierdie gesprek soos dit in die Bybel na vore kom ondersoek.

### 1.1 Gesprek en roeping.

Vanaf die eerste gesprek van God met die mens is roeping ter sprake. Die wese van die mens word in Genesis 1:27 beskryf naamlik dat man en vrou na die beeld van God geskape is. Wanneer gevra word na die betekenis van die beeld van God, is daar oor die jare baie antwoorde gegee. Alhoewel dit duidelik is dat die volle betekenis hiervan vir die gevalle mens ‘n misterie sal bly, kan daar tog antwoorde gevind word in die openbaring van Jesus Christus, die Woord van God (Johannes 1). Jesus Christus wat God kom openbaar het en wat die ware beeld van God is, maak dit duidelik dat om die beeld van God te wees, beteken om net te doen wat die Vader jou beveel en net te sê waartoe die Vader jou opdrag gegee het. By die skepping van die mens ontvang die mens ‘n lewensopdrag om te heers oor die skepping, dit te bewerk en te bewaak. God se eerste gesprek met die mens is ‘n opdrag om oor die skepping te heers, en hierdie opdrag vloei voort uit die feit dat die mens beeld van God is. Dit maak van hierdie opdrag ‘n uitnodiging om te deel in die skeppingsgebeure in die sin dat die mens instrumenteel moet wees om dit wat God geskape het tot sy bedoelde einde te voer.

Dit is ook belangrik om raak te lees dat God die mens seën saam met hierdie opdrag (Genesis 1:28). Wanneer hierdie gebeure vergelyk word met God se openbaring in Jesus Christus, kom hierdie verhouding tussen opdrag en seën duidelik na vore. Die Vader verheerlik die Seun omdat die Seun doen waartoe die Vader Hom na hierdie wêreld gestuur het (Johannes12: 23-33;13: 31,32). Die Seun is gestuur om te doen wat nodig is sodat die mens en daarmee saam die ganse skepping weer aan sy skeppingsdoel kan beantwoord. Wanneer die Seun sy taak volbring het en opgewek is uit die dood, verhoog God Hom tot die Heerser oor alle dinge, maar Hy is Heerser oor alle dinge as Hoof van die kerk. Sy kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Efesiërs 1:22,23). Met die wedergeboorte is hulle uit die gevangenes van hulle sondige bestaan uitgelei en het saam met Christus ‘n plek in

die hemel ontvang (Efesiërs 2:5,6). Sy kerk moet sy heerskappy hier op aarde deur die kragtige werking van die Gees en sy Woord uitbrei. Dit is hulle roeping en hulle moet waardig hierdie roeping lewe (Efesiërs 4:1) deur te breek met die sonde, hulle gees en gedagtes te vernuwe, en as nuwe mense te leef in ooreenstemming met hoe hulle Christus leer ken het (Efesiërs 4:17-24).

Die gesindheid waarmee die kerk hierdie roeping van hulle moet vervul, is die gesindheid van Christus (Filippense 2:5). Die gesindheid van Christus hou in dat die gelowige wat die genade van die drie-enige God ervaar het (Filippense 2:1) bereid moet wees om niks uit selfsug en eersug te doen nie, maar ander se belange bo sy eie belange te stel en om na ander se belange om te sien soos na sy eie (Filippense 2:2-4). Hierin lê die geheim van die diep vreugdevolle eenheid van gelowiges opgesluit (Filippense 2:2, vgl. ook Johannes 13:13-15). Hulle moet immers hulle Here navolg deur in gehoorsaamheid aan die Vader nie soek om gedien te word nie maar om te dien (Markus 10:45).

Dit is belangrik om raak te sien dat die seën van die Here, soos dit onder andere in sy beloftes verwoord word, die noodsaaklike voorvereiste is vir die mens om in sy roeping te kan volhard. Daarom bid Paulus vir die lesers van sy brief (Efesiërs), wat jonk in die geloof is (Efesiërs 2), dat hulle die hoop van hulle roeping sal begryp en daarmee saam die rykdom van genade waartoe hulle as gelowiges toegang het en die opstandingskrag wat God in en deur hulle werk (Efesiërs 1:17-23). Daarom roep die skrywer van die Hebreërbrief sy lesers op om hulle oog op Jesus Christus die voleinder van hulle geloof te hou. Hy het volhard omdat Hy die vreugde wat Hom belowe is in gedagte gehou het (Hebreërs 12:2). Sy verlange na hierdie vreugde verwoord Hy onder andere in sy gebed wat in Johannes 17:1 opgeteken is: “Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik”. Nadat Hy die diepste vernedering tot redding van die mens ondergaan het word Hy tot die hoogste eer verhef sodat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sal erken dat Hy die Here is (Filippense 2:9-11). Die opdrag aan die gemeente om hierdie gesindheid uit te leef, begin met ‘n herinnering aan wat hulle van God ontvang het: die troos in Christus, die aansporing van die Vader se liefde en die gemeenskap van die Gees wat hulle innige meegevoel en meelewing laat ervaar het (Filippense 2:1). Hieruit is dit duidelik dat die seën van die Here onlosmaaklik verbind is aan die roeping van die mens om instrumenteel daarin te wees dat God se heerskappy op aarde sal uitbrei.

God se gesprek met die mens staan voluit in die lig van God se roeping wat Hy aan die mens gegee het om as sy beeld die skepping te bewerk en te bewaak. Die gesprek staan ook onherroeplik in die lig van God se seën wat Hy toesê aan die wat Hom dien (vgl. Joshua 1; Johannes 12:26; Hebreërs 11:6).

Daar bestaan nog vele fasette van God se gesprek met die mens wat in volgende artikels ontgin kan word. Ander fasette van hierdie gesprek is byvoorbeeld : God se

gesprek met die mens en: beproewing, gawes van die Gees, vermaning, onderrig, erediens, gebed, versoeking, sonde, bekering, getuienis van die Gees in die gelowige se hart, verwondering.

Elkeen van hierdie en ander fasette behoort ontgin te word en die belang van God se gesprek vir die pastoraat behoort ten opsigte van elke faset aangedui te word. Hierdie een baie belangrike, grondliggende faset (gesprek en roeping) is bespreek om die noodsaak aan te toon dat daar in pastorale berading kennis by die pastor en die beradene moet wees dat hierdie gesprek voortdurend aan die gang is, voor, tydens en na berading. God is nie 'n toevallige bystaander in die pastorale gesprek nie, ook nie die Helper wat soms bygeroep moet word nie. Die pastor moet met groot versigtigheid, eerbied en ontsag by God en die persoon wat kom vir berading se bestaande gesprek, betrokke raak. Die pastor moet instrumenteel wees om die beradene by te staan in hierdie gesprek, om saam met hom te ontdek wat God waarskynlik sê en saam te worstel na 'n antwoord op dit wat God gesê het. Die pastor moet biddend en luisterend betrokke wees onder leiding van die Gees, wat die geheimenisse van God se plan met die beradene en die dieptes van die beradene se probleem ken. Omdat die pastor by God en die beradene se gesprek betrokke raak, kan daar geen berading wees as daar nie opregte gebed is nie of ook nie as die pastor nie onder leiding van die Gees die berading doen nie.

Hierin lê die unieke aard van bybelse pastorale berading teenoor enige ander vorm van berading of terapie. Pastorale berading sluit aan by die bestaande gesprek, is vir 'n tyd lank betrokke by hierdie gesprek en ontrek dan sodat die gesprek tussen God en die beradene sonder hom/haar kan voortgaan. Pastorale berading is dus in wese die fasilitering van die gesprek tussen die gelowige en God. Alhoewel God van sy kant die gesprek met die wat in ongeloof en ongehoorsaamheid volhard kan staak (1 Samuel 14:37; Markus 15:5) sal hy dit nie staak met sy kinders nie. Die kind van God kan egter die aktiewe gesprek met God staak (Psalm 32:1-3), die berader moet dan die gelowige begelei om weer doelbewus met God in gesprek te tree en die ongelowige om te antwoord op God se Woord tot hom/haar.

**2. Mens in gesprek met homself.**

Die Bybel teken die mens as 'n wese wat met homself in gesprek is (Rothchild, 2007:16). Soms teken die Bybel die mens eksplisiet so, ander kere is dit duidelik dat hierdie gesprek aan die gang is sonder dat dit duidelik gesê word. In Psalm 42 word die selfgesprek van die digter weergegee. Die digter praat soms in sy gedig met God en ander kere is hy weer met homself in gesprek en roep hy sekere dinge in herinnering. Die herhalende frase : "Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof—die verlossing van my aangesig en my God!" gee die digter se worstelende selfgesprek duidelik weer (vgl.ook Psalm 57:8; 43:5; 131:2; 103:2; 116:7; 103:1;104:1; Rigters 5:21) In Lukas 2:18,19 staan die volgende geskryf: "En almal wat dit gehoor het, was verwonderd

oor wat deur die herders aan hulle vertel is; maar Maria het al hierdie woorde bewaar en in haar hart oordink." Maria was duidelik met haarself in gesprek in haar worsteling oor die presiese betekenis van dit wat die herders kom vertel het.

**2.1 Die mens is met homself in gesprek volgens sy eie oortuigings**

Eva word in Genesis 3 geteken waar sy twee keer dieselfde boom moet beoordeel ten opsigte van sy waarde vir 'n mens. Wanneer die slang die eerste keer vir haar vra na God se uitspraak oor die bome van die tuin, is haar beoordeling van die boom van goed en kwaad dat dit haar sal laat sterwe as sy daarvan eet. Die slang bevraagteken daarna in sy reaksie die betroubaarheid en die gesindheid van die bron (God) waarvolgens sy hierdie oortuiging gevorm het. Eva moet die beoordeling wat die slang van die boom en van God gee, in haar selfgesprek weeg, teenoor die oortuiging waartoe God se woorde oor die boom haar aanvanklik gebring het. Sy kom uiteindelik tot 'n ander oortuiging as wat sy aanvanklik gehad het. Aanvanklik het sy na die boom gekyk en dit wat sy gesien het is die dood (volgens God se woorde), nou word haar beoordeling van die boom so beskryf: "Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry" (Genesis 3:6). In haar selfgesprek oor die boom het sy tot 'n bepaalde oortuiging gekom, dit laat haar anders na die boom kyk en dit laat haar handel om van die vrugte te eet (vgl 2 Korintiërs 11:3). Dieselfde verskynsel word beskryf by Josef (Matteus 1:18-24). Josef hoor dat Maria swanger is. In sy selfgesprek kom hy tot die oortuiging dat sy aan hom ontrou was, hy oorweeg ook die moontlikhede vir sy optrede en kom tot die oortuiging dat hy haar nie wil blootstel deur vir ander daarvan te vertel nie, hy sal in die geheim van haar skei. Terwyl hy met hierdie oortuiging sy optrede beplan het, verskyn 'n engel in 'n droom aan hom en deel hom mee dat sy aanvanklike oortuiging dat sy ontrou aan hom was, op 'n verkeerde aanname berus. Die Engel sê dat die Heilige Gees die kindjie in haar verwek het en dat Hy Jesus die Verlosser is. Omdat Josef hom glo, raak hy oortuig daarvan dat Maria nie aan hom ontrou was nie, en besluit hy om sy beplande optrede te verander. In Deuteronomium 29:18-19 is daar sprake daarvan dat iemand uit die volk afgode kan dien en dat hierdie persoon dan kan sê "Ek is veilig al volg ek my eie harde kop". Dit is duidelik dat die skrywer van Deuteronomium geglo het dat die persoon se handeling (afgodediens) voortvloei uit 'n oortuiging dat God hom nie sal sal straf nie al leef hy soos hy wil.

In die Nuwe Testament word verskeie woorde gebruik om hierdie selfgesprek van die mens op grond van sy oortuigings uit, te druk. Hier word net kortliks na een woord se betekenis vir die pastoraat gekyk:

*Hegheomai:*

*Hegheomai* word in Filippense 2:6 gebruik om Jesus se denkproses voor sy menswording aan te dui. Hy moes na sy bestaan op Godgelyke wyse opweeg teenoor die opdrag van sy Vader om as mens gebore te word. Hy was van oortuiging (Hegheomai) dat Hy hom nie aan sy huidige bestaan moes vasklem nie

en het daarom mens geword. In Johannes 12 word Jesus se selfgesprek oor sy keuse tussen eie belang en die diens van die Vader vir ons weergegee.  Skynbaar het Jesus hierdie selfgesprek hardop gevoer ter wille van die wat Hom gehoor het en ons. In Johannes 12 word vir ons verhaal hoe Grieke vra om met Jesus te praat. Wanneer Jesus hierdie versoek hoor, weet Hy dat die tyd van sy kruisdood naby is. Dan vind hierdie selfgesprek plaas: Johannes 12:27  *“Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom. 28  Vader, verheerlik u Naam!”*

In Jakobus 1:2 word die opdrag aan die gelowiges gegee om na beproewings te kyk en dit as voordelig vir hulle te beskou (Hegheomai) en daarom bly te wees daaroor. In Filippense 3:1-8 beskryf Paulus die radikale ommekeer wat daar in sy oortuigings gekom het.  Dit wat eers vir hom kosbaar was, beskou (Hegheomai) hy nou as waardeloos terwyl Hy die kennis van Christus as iets beskou (Hegheomai) waarvoor hy enige-iets anders sal opoffer.  Dit waarvan hy in sy hart oortuig is, bepaal watter waarde hy aan verskillende dinge in sy lewe heg en waarin hy sy energie gaan belê. ‘n Verandering in oortuiging bring ‘n radikale omkeer in die wyse waarop hy na die werklikheid kyk en die waarde daarvan beoordeel.  Louw en Nida (1988:349-388) gee onder drie verskillende domeine (Domein 30- Think; Domein 31- Hold a view, believe, trust; Domein 32 – Understand) verskeie woorde wat hierdie vermoë van die mens om tot ‘n bepaalde oortuiging te kom, uitdruk.

Elke normale mens is voortdurend besig om homself ten opsigte van sy wêreld te oriënteer. Hy bou oortuigings op oor die wyse waarop hy die lewe moet hanteer. Hierdie oortuigings bepaal sy evaluering van gebeure.  Daarom kan dieselfde ding met twee mense gebeur, vir die een is dit blote lastigheid, vir die ander is dit ‘n katastrofe.  Mueller (2006:55) noem dit ‘n mens se wêreldbeeld en gee die volgende definisies daarvan:

> *“...it’s the framework every human being has through wich we understand and interpret life”*
>
> Hy (Mueller, 2006:55) haal ook Sire aan :
>
> *“A worldview is a commitment, a fundamental orientation of heart, that can be expressed as a story or a set of presuppositions (assumptoins wich may be true, partially true or entirely false) wich we hold (consciously or subconsciously, consistently or inconsistently) about the basic constitution of reality, and that provide the foundation on wich we live and move and have our being”.*

Schlebusch (2000:96) noem hierdie vermoë van die mens om gebeure te interpreteer, “perception”:

*“Perception is a psychological function that enables you to recieve, process and interpret information about your invironment.”*

Hy kontrasteer hierdie aksie met waarneming (sensation). Waarneming is die blote registrasie van informasie deur jou sintuie, wat dit aan jou brein deurgee. Dan moet hierdie informasie deur jou brein gedekodeer word op grond van jou ervarings, persoonlikheid, behoeftes, geloof, gesindheid ens. Die brein organiseer en interpreteer hierdie data om dit vir jou bruikbaar te maak sodat jy kan besluit hoe om daarop te reageer. Indien jy op grond van hierdie verwerkte data 'n bepaalde besluit geneem het wat tot 'n bepaalde optrede gelei het, en jy kon die situasie suksesvol hanteer, word dit in jou brein vasgelê vir latere gebruik. Indien hierdie oplossing herhaaldelik suksesvol gebruik word, word dit 'n al sterkerwordende oortuiging oor die werklikheid vir jou.

Die mens se werklikheidsbeeld word dus saamgestel uit dit wat hy glo waar is van die wêreld rondom hom, met ander woorde uit al die oortuigings wat hy vir homself vorm. Sommige van hierdie oortuigings is nog nooit of min bevraagteken deur gebeure in iemand se lewe. Die mens handel hiervolgens sonder om daaroor na te dink of noodwendig bewustelik daarvoor te kies ("subconsciously"). Hy kan ook soos dit hom pas die oortuigings eenkant stoot omdat 'n situasie hom oortuig dat 'n ander optrede nou geregverdig is ("inconsistently"). Hierdie oortuigings bring sekuriteit in die mens se lewe, dit gee aan die mens die vertroue dat hy die moeilike dinge in sy lewe kan hanteer. Inderdaad is hierdie oortuigings ook die boustene van 'n mens se beeld van homself, die antwoord op die kernvrae soos: "wie is ek?" (Kalischuk, 2004:47), "wie is ek binne die wêreld waarin ek leef?", "wat is die sin van die lewe", "waarom leef ek?". Vir byna elke denkbaar moontlike situasie is daar 'n oortuiging.

Wanneer 'n situasie opduik is die brein gewoonlik instaat om onmiddelik met die oplossing vorendag te kom. Die oplossing kom in die vorm van 'n voorstel hoe daar gehandel behoort te word. Sommige van hierdie oplossings is al soveel keer gebruik dat die mens dit ervaar asof dit 'n outomatiese handeling is. Mense sal dus byvoorbeeld sê: "ek is nou maar eenmaal iemand wat....vinnig kwaad word". Hiermee word dan bedoel dat dit onveranderlik deel is van sy samestelling.

Hierdie oortuigings wat die mens in sy selfgesprek gebruik gee aanleiding tot bepaalde emosies/begeertes by die mens en die emosies kan aanleiding gee tot bepaalde dade (ook probleem-optredes).

'n Goeie illustrasie van hierdie selfgesprek volgens die Woord vind ons in dit wat van die gewete gesê word:

> *Johanness 8:9 En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.*
>
> *Romeine 2:15 omdat hulle toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee en die gedagtes mekaar onderling beskuldig of ook verontskuldig.*

3. Die mens in gesprek met sy omgewing

Die primêre gesprek wat die mens voer is die gesprek met homself. Die gesprek met God word telkens in die gesprek met jouself verwerk. Die gesprek met God word telkens opgevolg deur ‘n gesprek met jouself. Die mens is egter ook voortdurend in gesprek met ander mense, sy omgewing, en dit wat met hom gebeur. In Johannes 12 word die gesprek met ander mense duidelik uitgebeeld:

> Joh 12:42 *Maar tog het selfs baie van die owerstes in Hom geglo; maar ter wille van die Fariseërs het hulle dit nie bely nie, om nie uit die sinagoge geban te word nie.*
>
> Joh 12:43 *Want hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God.*

Die vraag wat mense van hulle sal dink en aan hulle sal doen, het vrees by hulle gebring en hulle optrede bepaal.

Trauma in ‘n mens se lewe dien as ‘n goeie voorbeeld hoe ‘n bepaalde gebeurtenis boodskappe aan die mens oordra wat hy moet interpreteer. In 2 Samuel 12 word verhaal hoe Amnon vir Tamar verkrag. Tamar se reaksie hierop is dat sy haar ontrek uit die samelewing. Die trauma van die verkragting het vir haar ‘n boodskap oorgedra dat sy nie meer geskik is om in die openbaar te verskyn nie of dat sy nie meer vanweë die skande van die gebeurtenis ander mense in die oë kan kyk nie. Sy kom tot die oortuiging in haar gesprek met die traumatiese gebeure dat sy haar moet ontrek uit die samelewing. Haar broer Absalom kom in sy gesprek met hierdie gebeurtenis waarvan hy by Tamar hoor, tot die oortuiging dat hy moet wraak neem.

Die berader raak in die pastoraat by hierdie gesprek betrokke om iemand te begelei om op grond van die waarheid in God se Woord hierdie gesprek te voer. Saam met die beradene moet die oortuigings ontdek word op grond waarvan hy/sy die gesprek voer. Daar moet bepaal word of die oortuigings op die waarheid gegrond is of op ‘n leuen. Indien onwaarhede ontdek word moet die waarhede waarmee dit vervang moet word saam in die Woord gesoek word.

Tamar kon iets gedink het soos: “Wat Amnon aan my gedoen het maak my ‘n minderwaardige mens en daarom is ek nie werd om my gesig in die openbaar te wys nie” Die waarheid is dat ons waarde in God lê en niks of niemand kan daardie waarde van ons wegneem deur wat hulle aan ons doen nie. Met groot sensitiwiteit en begrip vir die ingrypende gebeurtenis op iemand se geestelike, psigologiese en self fisiese samestelling, moet die beradene begelei word om vryheid te vind in God se waarhede. Eers net met hulle verstand en hoe meer hulle daaraan vashou en dit toepas in hulle lewe, hoe meer sal dit ook deur hulle ervaar kan word en daaruit opgetree kan word. Deur volhardende werk kan daar vanuit die waarheid genesing kom van die wonde.